Klein plattelandse gemeentes as ruimtes om brûe na die hele gemeenskap te bou: ’n Prakties-teologiese ondersoek

Kobus Schoeman en Carin van Schalkwyk

K. Schoeman en C. van Schalkwyk, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Klein plattelandse dorpies bestaan gewoonlik uit verskillende gemeenskappe wat nie noodwendig veel van mekaar weet nie. Gewoonlik is dit politieke, sosio-ekonomiese en rasseverdelings wat tot hierdie skeidslyne aanleiding gee. Die politieke mag is aan die een kant van die dorp en die ekonomiese mag aan die ander kant. Geloofsgemeenskappe is aan beide kante van hierdie verdeling te vind. Die doel van hierdie artikel is om die moontlikhede te verken om brûe tussen die twee “aparte” gemeenskappe te bou deur gebruik te maak van die geestelike en sosiale kapitaal wat binne klein gemeentes op die platteland beskikbaar is. Die fokus val veral op ’n studie wat in die Suid-Vrystaat gedoen is. In ’n ondersoek wat in die ring van Fauresmith onder NG gemeentes onderneem is, is ’n semigestruktureerde vraelys aan predikante van die agt gemeentes in die ring gestuur. Uit die reaksies van die predikante is dit duidelik dat daar, soos hulle die saak sien, oor die afgelope vyf jaar wesenlike veranderings in die gemeentes en gemeenskap plaasgevind het. Verder word ook aan ’n gevallestudie wat in die gemeenskap van Philippolis onderneem is, aandag gegee. Die hantering en reaksie van die gemeenskap op die Vigs-epidemie word bespreek. In Philippolis se geval was daar nie sprake van die politieke wil, ekonomiese krag of ’n betekenisvolle aantal persone om die MIV/Vigs-epidemie te hanteer nie. Almal was lamgelê, maar die kerk het die draer van hoop geword. Die gevallestudie dui ’n weg aan om die krisis te hanteer en die gemeenskap te help om nuwe waardes en praktyke te vorm. Die beskikbare geestelike kapitaal in die geloofsgemeenskappe het die taal en praktyke help skep om nuwe moontlikhede oop te maak.

Trefwoorde: plattelandse dorpe; geloofsgemeenskappe; geestelike en sosiale kapitaal; gemengde-metode-model; gevallestudie; MIV/Vigs-epidemie

Abstract

Small rural congregations as places for buiding bridges in the community as a whole: A practical theological investigation

As a rule small rural towns consist of different communities that do not necessarily know one another. Political, socio-economic and racial divisions commonly lead to boundaries and divisions in these communities. Political power is mostly vested in one side of town and economic power in the other. However, faith communities exist on both sides of this divide. The purpose of this article is to explore opportunities to build bridges between these two "separate" communities by using the spiritual and social capital that is available in small rural congregations. The focus is on a specific study that was done in the Southern Free State.

Christians mostly live together in faith communities or congregations. They live and work on both sides of the above-mentioned division. Usually a Christian faith community lives according to a certain belief system or values that orientate them in their relationship with God, and also their mutual relationships. Furthermore, these relationships have specific implications for the community of which the congregation is a part. Concern for the "other" is an assumed part of the value system of such a faith community. The story of the Good Samaritan (Luke 10:25–37) makes it clear that love for one's neighbour includes care of those on the "other side" of the road. Consequently prophetic discernment is part of the process of theological investigation, which entails listening to the Word and asking questions about its social implications for the congregation.

This investigation should be understood as part of an empirical process. The research is only exploratory in nature and does not seek to be complete or representative. A mixed methodology was used. The research can be described as an explanatory investigation in which the qualitative data is used to explain the quantitative research more completely. A survey was undertaken of congregations of the Dutch Reformed Church in the circuit of Fauresmith in the Southern Free State. A semi-structured questionnaire was sent to the ministers of the eight congregations in this circuit.

From the responses of the clergy it was clear that, from their perspective and understanding of the situation over the past five years, significant changes have taken place in their congregations and the whole community. Resources in the congregations and community are under pressure and volatile agricultural activities threaten the stability of the community. The traditional leadership roles of five to ten years ago have become obsolete in both the congregations and the community. This challenges ministers to be actively involved in the development of the community as mentors and guides. Congregation and community thus are interdependent. Separation of congregation and community can no longer be maintained. New bridges have to be built. How then, under these new circumstances, can reaching out to “the other” be achieved?

The new circumstances and contexts make new demands on congregations as well as on the community. Therefore the question arises: Is there sufficient spiritual capital to cross the proverbial bridges towards one another? Appropriate language and practices would be helpful in this regard. On the one hand faith communities use words like *love*, *forgiveness*, *acceptance* and *hospitality*. This represents language that creates

spiritual capital within a faith community. On the other hand there are also practices to be considered, such as involvement in the needs of people, genuine participation, acceptance of failure and the opening up of new spaces. Language and practices of faith communities are undoubtedly important aspects of the spiritual capital that helps to build bridges.

A qualitative investigation was undertaken in Philippolis, a rural town in the circuit of Fauresmith in the Southern Free State, to illustrate the shifts that have taken place within communities. It is a case study that was done through participatory action research. The first Aids-related death occurred in 1998 in Philippolis. Initially no church or congregation wanted to bury persons who died of Aids-related illnesses. This meant that the disease became stigmatised and patients and their relatives suffered in silence. This has, however, changed over time.

One of the most important issues that emerged from this research in Philippolis related to the emotional and spiritual needs of Aids orphans. During funeral services, usually little attention was given to the bereaved children. After all, the adults themselves were in mourning. As the mortality rate increased, with more and more funerals taking place on Saturdays, the community fell into a state of depression due to its sense of loss and grief. Children's emotional needs were increasingly neglected. To address this issue, members of the Dutch Reformed congregation of Philippolis started knitting teddy bears for the Aids orphans. If a child lost a loved one to Aids, he or she received a teddy bear as a companion. These children were taught to share their feelings with the teddy bear and to tell their teddy bear “buddies” how much they missed the person who died. This pastoral process played a valuable role in helping children move through the grieving process in a healthy manner. The procedure is closely related to the so-called “narrative” therapeutic approach.

It may be a valid observation to say that political power is concentrated in one side of a town and the economic power in the other side. The church and its congregations, however, are never just from one or the other side of a town. The church is in every community. Where congregations choose to work together, miracles can happen, even if circumstances are critical. In Philippolis’s case there was initially no political will, or economic power, or enough people to deal with the HIV/Aids epidemic. The whole community seemed to be paralysed before the church and its congregations with their leaders finally became bearers of hope. This case study showed a way to address the crisis and to help the community to create new values and practices. The available spiritual capital in faith communities is evidently able to create the language and practices to open up new possibilities. People reached out to one another and new relationships were built.

The task of practical theologians is to listen in a priestly manner to all parties involved. In the preceding discussion, within a mixed methodological framework, the voice of small rural congregations was heard, even though this voice could be neither complete nor representative of all rural congregations or communities. Practical theologians also have the task to work with prophetic discernment. The voice of the "other" should never be ignored in this conversation. Faith communities have the calling and responsibility to walk over the bridge to the "other". An ecclesiology that focuses on maintenance of the status quo and with an emphasis on exclusivity will have difficulty in making room for a process of priestly and prophetic discernment.

The challenge for all congregations is to build bridges between communities and congregations through a process of listening and prophetic discernment. The case study of Philippolis illustrates the point that there is adequate social and spiritual capital available to do so.

Keywords: rural towns; faith communities; spiritual and social capital; mixed method research; case study; HIV/Aids epidemic

1. Inleiding

“Die politieke mag is gesetel aan die een kant van die dorp en die ekonomiese mag aan die ander kant van die dorp.” Hierdie insiggewende opmerking deur ’n predikant van die NG Kerk op ’n klein plattelandse dorpie beskryf die toedrag van sake in vele klein plattelandse dorpies. Geloofsgemeenskappe is aan beide kante van hierdie verdeling te vind. Die doel van hierdie artikel is om moontlikhede te verken om brûe tussen die twee “aparte” gemeenskappe te bou deur gebruik te maak van die geestelike en sosiale kapitaal (Swart 2010:325–30, Baker en Miles-Watson 2010:33) wat binne klein gemeentes op die platteland beskikbaar is. Hierdie vraagstuk sal deur ’n prakties-teologiese lens bekyk word. Die fokus wat die empiriese ondersoek betref, val in die besonder op ’n studie wat in die Suid-Vrystaat gedoen is.

Ongeveer 80,9% van die Suid-Afrikaanse bevolking het hulle in 2010 aan die Christelike godsdiens verbind (kyk na die navorsingsverslag van die Pew Research Centre 2010). Christene word meestal in geloofsgemeenskappe of gemeentes saamgegroepeer en hulle woon en werk aan beide kante van die spreekwoordelike brug in vele plattelandse dorpe. Sulke Christelike geloofsgemeenskappe lewe gewoonlik volgens ’n bepaalde waardesisteem en oriëntasie wat hulle verhouding met God, maar ook hulle onderlinge verhouding, bepaal. Hierdie verhoudings het verder bepaalde implikasies vir die gemeenskap waarbinne so ’n gemeente voorkom. Om te sorg vir die “ander” is ’n veronderstelde deel van die waardesisteem van so ’n geloofsgemeenskap. Die bekende verhaal van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25–37) beklemtoon dat liefde vir die naaste ook die versorging van diegene aan die “ander kant” van die pad veronderstel. Osmer (2008:135–39) maak dit duidelik dat ’n prakties-teologiese ondersoek na hierdie saak deel is van die profetiese taak van teologiese onderskeiding. “Prophetic discernment is the task of listening to this Word and interpreting it in ways that address particular social conditions, events and decisions before congregations today” (Osmer 2008:135). Hierdie proses van onderskeiding is van kritieke belang vir geloofsgemeenskappe.

Klein geloofsgemeenskappe, veral dié op die platteland, staan voor unieke en eiesoortige uitdagings. Hulpbronne wat menslike en sosiale kapitaal betref, is nie altyd volop nie. Die finansiële posisie van gemeentes is ook nie altyd rooskleurig nie. Tog kan hierdie gemeentes, deur wyer te kyk na die beskikbaarheid van geestelike en sosiale kapitaal, ’n verskil maak binne die plattelandse gemeenskappe waar hulle woon en werk. In die ontwikkeling van ’n gemeentelike ekklesiologie kan die konteks van die gemeente en die plaaslike gemeenskap nie buite rekening gelaat word nie (vgl. Niemandt 2012). Daar is ’n

belangrike interaksie tussen gemeente en gemeenskap en binne die plattelandse konteks waarskynlik in nog groter mate.

2. Die klein dorpie in plattelandse gebiede

Wat is 'n "klein dorpie"? As 'n inwonertal van minder as 50 000 as riglyn geneem word, is daar ongeveer 500 klein dorpies in Suid-Afrika. Die meeste van dié dorpies dra die tekens van 'n apartheidsverlede. Daar is voormalige "wit" gebiede wat deur redelike tot goeie dienste en geriewe gekenmerk word. In die tradisioneel "swart" gebiede is daar minder goeie tot swak omstandighede en dienste. Die aparte gemeenskappe praat nie maklik met mekaar nie (Burger en Van der Walt 2010:393). Daar is egter nie 'n homogene omskrywing wat op álle klein dorpe van toepassing is nie, want "small towns vary greatly in nature; but most are economically and socially linked to surrounding rural hinterlands" (Van Niekerk en Marais 2008:369). Die "hinterland" waarna verwys word, het gewoonlik 'n sterk landbou-inkleding.

Deeglike wetenskaplike kennis oor die platteland en wat daar gebeur, is nie altyd geredelik beskikbaar nie. "Research on small towns doesn't receive much attention compared to research being done in urban areas" (Van Niekerk en Marais 2008:364). Die redelik klein omvang van sulke dorpies, afstand, die betreklike afwesigheid van skaalbesparings en 'n gebrek aan menslike en fisiese hulpbronne beperk die aandag wat aan kleiner en veral plattelandse dorpe geskenk word.

Hoe sou die tipiese problematiek van 'n klein dorpie beskryf kon word? Van Niekerk en Marais (2008:365) wys onder meer op die volgende algemene sake wat van belang is:

- 'n daling in die bevolking as gevolg van historiese en geografiese faktore
- onstabiele produkmarkte, veral vir gemeenskappe wat van mynbou, vissery en tradisionele landbou afhanklik is
- eksterne druk wat die stabiliteit van die gemeenskap en gemeenskapslewe beïnvloed, asook druk op die omgewing
- snelle en radikale veranderings in tegnologie
- veranderende leefstylopsies en verbruikersgedrag
- lae inkomstes en stygende skuldvlakke
- 'n algemene agteruitgang in onderwys en gesondheidsdienste
- infrastruktuur wat versleg
- hoë bedryfskoste.

Klein plattelandse dorpies funksioneer onder soms moeilike sosio-ekonomiese en politieke omstandighede.

Teen die agtergrond van bogenoemde algemene probleme wat in plattelandse gebiede bestaan, kan die fokus nou verskuif na ’n meer spesifieke konteks. Dit is egter nodig om eers die metodologie van die huidige ondersoek te verduidelik.

3. Enkele metodologiese opmerkings rakende die ondersoek

Die ondersoek is binne ’n bepaalde metodologiese raamwerk uitgevoer. Osmer (2008:31) beskryf die empiriese taak van praktiese teologie as “priesterlike luister”. Hierdie “luister”-proses kan wissel van informeel en ongeorden tot ’n formele en geordende proses. In hierdie ondersoek gaan dit oor laasgenoemde proses, en dit behels onder meer “investigating particular episodes, situations and contexts through empirical research” (Osmer 2008:38). Die ondersoek maak gebruik van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes. Dit plaas die empiriese werk binne die gemengde-metode-navorsingsmodel (Delport en Fouché 2012:434–5). Dié navorsingsmetode word beskryf as “a procedure for collecting, analysing, and ‘mixing’ both quantitative and qualitative data at some stage of the research process within a single study to understand a research problem more completely” (Ivankova, Creswell en Clark 2007:261). Die doel van dié metodologie in hierdie ondersoek is juis om ’n meer volledige prentjie van die situasie te gee.

Die kwantitatiewe data wat gebruik word, kom van die *Kerkspieël*-ondersoeke wat binne die NG Kerk onderneem word (vir ’n meer volledige beskrywing van dié ondersoek en metodologie, sien Schoeman 2011). Die data is verwerk om lig te werp op die posisie van plattelandse gemeentes binne die sinodale gebied van die Vrystaat en die ring van Fauresmith (Tabel 2 en 3.)

Teen die agtergrond van die inligting wat van die kwantitatiewe opname verkry is, is besluit om te fokus op predikante-leierskap in die ring van Fauresmith. Dit is slegs die begin van ’n verdere en meer omvattende ondersoek en daarom slegs verkennend van aard. ’n Semigestruktureerde vraelys is per e-pos aan die predikante gestuur. Die doel was nie dat die ondersoek verteenwoordigend sou wees nie, maar slegs om die navorsingsveld te verken (sien Tabel 4 en 5 vir die resultate van hierdie kwalitatiewe ondersoek.)

Om ’n meer diepgaande beskrywing van die ondersoekvraag te verkry is besluit om as ’n verdere stap gebruik te maak van ’n gevallestudie wat in een van die gemeentes in die ring van Fauresmith geneem is. Die spesifieke metodologie wat gevolg is, word later, in paragraaf 4, meer volledig verduidelik.

Hierdie ondersoek moet verstaan word as deel van ’n empiriese luisterproses. Soos reeds gemeld, is dit slegs verkennend van aard en beoog glad nie om volledig of verteenwoordigend te wees nie. Omdat ’n gemengde-metode-benadering gevolg is, kan dit as ’n verklarende ondersoek beskryf word, waarin die kwalitatiewe gegewens gebruik word om die kwantitatiewe data verder te verduidelik (Ivankova, Creswell en Clark 2007:264). Die oogmerk is slegs om ’n geloofwaardige stem vanuit ’n bepaalde konteks aan die woord stel. Die ondersoek sou ook as ’n ekologiese studie binne die veld van gemeentestudies beskryf kon word. Die werk van Brouwer (2009) oor die gemeente De Brug in Amersfoort, Nederland, kan in dié verband as ’n voorbeeld dien.

4. Gemeentes van die NG Kerk in die Suid-Vrystaat

Die empiriese ondersoek is gedoen in NG gemeentes wat deel vorm van die ring ('n groepering van gemeentes) van Fauresmith. Die ring is in die Suid-Vrystaat geleë en bestaan uit gemeentes in nege klein plattelandse dorpe, te wete: Fauresmith, Jacobsdal, Jagersfontein, Koffiefontein, Luckhoff, Petrusburg, Philippolis, Springfontein en Trompsburg. Een van die maklikste maniere om die impak van verandering in die gemeentes te sien is om na die lidmaatgetalle te kyk. Tussen 2000 en 2010 het die dooplidmate met 46%, die belydende lidmate met 15% en die totale lidmaattal met 24% gedaal (Tabel 1). Die kleinste gemeente in die ring is Philippolis (230 lidmate) en die grootstes is Jacobsdal en Petrusburg, beide met 710 lidmate. Die daling in lidmaatgetalle, en veral die daling in die aantal dooplidmate, hou vir die gemeentes ernstige implikasies in, veral met die oog op toekomstige groei en ontwikkeling.

Tabel 1. Lidmate in die ring van Fauresmith (Jaarboek-gegewens)

	2000	2010	% daling
Dooplidmate	1 262	686	45,6
Belydende lidmate	3 303	2 802	15,2
Totaal	4 565	3 488	23,6

Die meeste NG gemeentes in die Vrystaatse platteland is bloot besig met instandhouding of is in 'n stryd om oorlewing gewikkel (Tabel 2.) Daar is verder minder gemeentes op die Vrystaatse platteland wat groei as wat daar in die NG Kerk in sy geheel is. Uit die gegewens in Tabel 2 blyk dit duidelik dat gemeentes op die Vrystaatse platteland onder druk verkeer.

Tabel 2. Gemeenterigting. Hoe sou u u gemeente se huidige rigting tipeer? (Kerkspieël-gegewens)

	NG Kerk						Vrystaatse platteland	
	2004		2006		2010		2010	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Sterwend	6	1,2	22	3,4	19	3,5	1	2,2
Besig met instandhouding/oorlewing	227	45,1	318	48,8	249	46,3	24	52,2
Groeiend	218	43,2	274	42,0	235	43,7	19	41,3
Dinamies groeiend	53	10,5	38	5,8	35	6,5	2	4,3

Nou kan gevra word of gemeentes wat meestal met instandhouding besig is, minder aandag aan maatskaplike en sosiale probleme skenk. Het hulle ook 'n oog vir die behoeftes van die "ander" in hul gemeenskappe? Of word daar slegs aan die "eie" aandag gegee? Tabel 3 doen verslag oor die hoeveelheid aandag wat aan 'n vyftal sake (geweld, rassisme, misdaad

en korrupsie, MIV/Vigs en armoede) in die NG Kerk op die Vrystaatse platteland gegee word. Behalwe armoede word daar in die meeste gevalle nooit aan dié vyf kwessies aandag gegee nie. 'n Moontlike verklaring vir die feit dat armoede die enkele uitsondering is, is dat armoede baie meer "sigbaar" is en dat dit veral lidmate op die platteland direk in die gesig staar.

Tabel 3. Maatskaplike en sosiale kwessies. (*Kerkspieël*-gegewens; uitgedruk as 'n persentasie)

	NG Kerk			Vrystaatse platteland		
Gee die gemeente spesifiek aan die volgende sosiale probleme aandag?	**Gereeld**	**Soms**	**Nooit**	**Gereeld**	**Soms**	**Nooit**
1. Geweld	6,3	41,7	52,0	4,3	51,1	44,7
2. Rassisme	7,4	34,7	57,9	6,5	41,3	52,2
3. Misdaad en korrupsie	8,6	44,5	46,9	11,1	42,2	46,7
4. MIV/Vigs	12,3	34,8	53,0	8,7	34,8	56,5
5. Armoede	59,9	31,9	8,2	80,0	15,6	4,4

Teen bogenoemde agtergrond kan daar nou spesifiek gekyk word na wat binne die ring van Fauresmith gebeur. 'n Semigestruktureerde vraelys is gedurende Mei 2011 aan die predikante van agt gemeentes in die ring gestuur. Ses voltooide vraelyste is terugontvang en verwerk. Die predikante is gevra om na te dink oor wat oor die afgelope vyf jaar in hulle *gemeente* en in die *gemeenskap* gebeur het sover dit die volgende drie sake betref:

- Watter wesenlike veranderings of verskuiwings het plaasgevind ten opsigte van hulpbronne?
- Watter rol speel die verandering in leierskapin u gemeente of gemeenskap?
- Wat is die grootste uitdagings in u gemeente of gemeenskap?

Die volledige antwoorde op dié vrae word in Tabel 4 (oor gemeentes) en 5 (oor die gemeenskap) beskryf. Hier onder is slegs 'n breë opsomming van die betrokke reaksies.

Die predikante se terugvoering oor wat oor die afgelope vyf jaar in gemeentes gebeur het, is soos volg (sien Tabel 4 vir 'n volledige beskrywing).

- Watter wesenlike veranderings/verskuiwings het plaasgevind wat hulpbronne betref?

  Daar was 'n afname in nuwe lidmaatskap en daarmee saam verouder die lidmate. Die gemeentes is verder vanuit 'n finansiële hoek onder druk. Vrywillige dankoffers neem af en dit maak gemeentes toenemend finansieel swakker. Hierdie gemeentes funksioneer grootliks binne die landbousektor en verwante bedrywe, en dié sektore is ook onder druk, byvoorbeeld weens veeverliese en skade as gevolg van swaar reën en oorstromings.

- Watter rol speel die verandering van leierskap in u gemeente?

  Die predikant was vroeër die herder van die kudde (die gemeente), maar daar is nou 'n verskuiwing na 'n liggaamsmodel wat die predikant slegs deel maak van 'n leierskaps*pan* wat nie hiërargies funksioneer nie. Daar is minder permanente en voltydse predikante en meer predikante wat 'n kontrakaanstelling het. Dit lei tot groter onsekerheid en minder permanensie onder die predikante. Daar is minder leiers en dit plaas die enkele leiers wat daar wel is, onder groter druk. Die verandering in die rol van die leierskap lei noodwendig tot die groter bemagtiging van lidmate. Leierskap word gedeel en die predikant speel as mentor en begeleier 'n ander rol as die tradisionele.

- Wat is die grootste uitdagings in u gemeente?

  Die beskikbaarheid van toegewyde en betrokke lidmate, en die strewe van die gemeente om met liefde en diensbaarheid sigbaar in die gemeenskap betrokke te raak, bly 'n uitdaging. Gemeentes wil graag beweeg van 'n instandhoudingsmodel na 'n meer missionêr-gerigte oriëntasie; hulle wil deel wees van die groter geloofsgemeenskap in die dorp en is daarom nie meer net op die eie lidmate gefokus nie. Hulle besef dat grense oorgesteek moet word. Daar is 'n soeke na groter ekumeniese samewerking in die dorp.

Tabel 4. As u nadink oor u *gemeente* die afgelope vyf jaar (ongeag hoe lank u daar is) …

	Jacobsdal	**Jagers-fontein**	**Koffie-fontein**	**Luck-hoff**	**Petrus-burg**	**Philippolis**
1. Watter wesenlike veranderings/ verskuiwings het plaasgevind wat *hulpbronne* betref (verwys o.a. na die demografie en finansies)?	Dankoffers vrywillig. Eiendomme omskep in besighede wat verhuur word. Onbetrokken-heid van jongmense. Verbruikers-mentaliteit en geestelike vervlakking.	Gemeente word kleiner. Finansiële druk. Boere kry finansieel swaar (veeverlies, te veel reën).	Ouer, finansies verbeter. Meer betrokke, gestuurde gemeentes. Onderhou gemeente goed. Bydraes het selfs verbeter.	Getalle verminder. Vrywillige insame-ling van dank-offers. Demo-grafies jonger.	Begin nuut dink oor gemeente. Boere groot verliese a.g.v. veesiektes en baie reën.	Getalle drasties afgeneem. Verskuiwing in boerdery (wildreservate, jagplase). Naweekboere. Dorpshuise word gastehuise. Gemeente word ouer. Klein groepie moet vir alles instaan.

2. Watter rol speel die verandering van die *leierskap* (u eie posisie en dié van ander) in u gemeente?	Verskuiwing van herder-/kuddemodel na liggaams-model. Kerkraad lê hul toe op geestelike sake. Leraar is nie meer altyd voorsitter nie, maar fokus op diens, pastoraat en hulp rondom bedieninge.	Leraar op kontrakbasis – dus onseker. Leiers min en oorlaai.	Bemagtig-ingsrol nie outo-kraties nie. Gedeelde leierskap.	Jongmense (28–45) vorm leierskap. Energie, tyd en toewyding bestee aan sinvolle kerkwees, eie identiteit/ plaaslike manier.	Geweldige eise word aan leierskap gestel.	Predikant nou in mentorrol. Deeltyds, elders werk, bediening op buurdorp. Nuut oor leierskap dink, lidmate bemagtig. Kerkraad: meer verantwoorde likheid vir gemeente.
3. Wat is die grootste *uitdagings* in u gemeente/ gemeenskap?	Om liggaam van Christus te wees, beelddraers. Nie outomaties betrokke. Wil in ons gemeenskap deur ons teenwoordig-heid (diens, naasteliefde) 'n bydrae lewer.	Om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel: van instandhoudi ng-gedrewe na groei-geleenthede.	Weg van in stand hou na gestuur. Gebeur stadiger as in stad. Elke lidmaat betrokke te kry met gawes.	Sinvol kerk te wees, vernuwend, Godgetrou. 24/7 kerk te leef. Aktueel en lekker om kerk te wees.	Evangelie nuut/vars in gesekularise erde situasie aan te bied. Armoede, gebrek, omgekeerde apartheid; boere word randfigure.	Positief bly. Lidmate help om by nuwe situasie aan te pas, groter geloofsgeme enskap in dorp. Om oor grense te beweeg, saam te werk.

Die predikante se antwoorde en reaksies oor wat oor die afgelope vyf jaar binne die gemeenskap gebeur het, lyk soos volg (sien ook Tabel 5):

- Watter wesenlike veranderings/verskuiwings het plaasgevind wat hulpbronne betref?

  Ingrypende veranderings het in die landbougemeenskap plaasgevind: groot kommersiële boere het meer geword en kleinboere minder, en verder is daar enkele naweekboere wat van die stad af inkom plaas toe. Mynbouaktiwiteite het afgeneem, met onbevestigde gerugte van nuwe ontwikkelings. Dienslewering het verswak en dorpe begin ál meer agteruit gaan. Armoede neem toe in die dorpe en in sommige gevalle het die totale inwonertal van sekere dorpe die afgelope tien jaar verdubbel. Toenemende getalle vreemdelinge (byvoorbeeld Pakistani's en Chinese) is in die dorpe sigbaar. Hulle begin nuwe sakeondernemings, maar is nie deel van die hoofstroomaktiwiteite nie, omdat hulle byvoorbeeld nie belasting en BTW betaal nie. Die handelsbanke maak toe en dit lei tot meer kontant wat in die dorpe in omloop is. Die gevolg hiervan is rooftogte en bende-aktiwiteite juis omdat daar meer kontantgeld in die dorpe voorkom.

- Watter rol speel verandering van leierskap in u gemeenskap?

  Die predikant is nie meer die hoofrolspeler op die dorp nie. Dorpe het nou 'n meer diverse leierskorps, en as gevolg daarvan is die leierskap soms verdeeld en daarom oneffektief. Die gemeenskap kyk nog steeds na die kerk en geloofsgemeenskap vir leiding. Dié klein groep leiers ervaar soms vermoeidheid en uitbranding. Daarom raak die versorging van leiers in die dorp 'n groter prioriteit. Die rol van die predikant verskuif ook na betrokkenheid by die ontwikkeling van die hele gemeenskap.

- Wat is die grootste uitdagings in u gemeenskap?

  Aan die een kant van die dorp is die ekonomiese mag en aan die ander kant die politieke mag. Weens armoede en ander sosiale probleme, soos MIV/Vigs, wat dikwels voorkom, word groot uitdagings aan die gemeenskap gestel. Verder heers daar toenemend 'n bedelaartradisie en 'n kultuur waar mense net wil ontvang. Die uitdaging is om brûe tussen die twee uiteenlopende dele van die dorp te bou, om mekaar te hoor, en te begin saamwerk.

Tabel 5. As u nadink oor u *gemeenskap* die afgelope vyf jaar (ongeag hoe lank u daar is) …

	Jacobsdal	**Jagersfontein**	**Koffiefontein**	**Luckhoff**	**Petrusburg**	**Philippolis**
1. Watter wesenlike veranderings/ verskuiwings het plaasgevind wat *hulpbronne* betref (verwys o.a. na die demografie en finansies)?	Boerdery – meer permanente gewasse. Persele en plase haal steeds goeie pryse. 'n Moeilike landboujaar raak die hele gemeenskap.	Dorp gaan agteruit en werk word minder. Swak dienslewering. Sprake van nuwe myn skep egter nuwe drome.	Myn deur ander maatskappy oorgeneem. Mense trek weg. Verarming. Nuwe maatskappy is betrokke by projekte, en in vennootskappe. Veeboere verminder. Gemeenskap word ouer.	Breë gemeenskap het binne 10 jaar verdubbel. Armoede. Werkgewers: landbou, waterwese, onderwys en privaat entrepreneurs. Maatskaplike toelaes vermeerder.	Uitreik na informele nedersettings (met voedsel, kleding, evangelie).	Pakistani's en Chinese se nuwe winkels (geen belasting en BTW, dus prysoorlog). Bank gesluit. Uitlanders bank nie geld. Dus baie kontant in dorp in omloop. Gewapende roof, bendes neem toe.

2. Water rol speel die verandering van *leierskap* (u eie posisie en dié van ander) in u gemeenskap?	Die dominee is nie meer in die sleutel-posisie nie. Leierskap/ leiersfigure kry min respek.	Die leierskap is verdeeld (polities) en daar is geen doel-gerigte fokus vir lang-termyn nie.	Predikante nie meer hoog-geplaaste persone nie. Leierskap verander na gelang van behoefte.	Leierskap nie baie skerp en betrou-baar nie. Gemeen-skap kanali-seer die leier-skapsrol meer na die kerk.	Politieke korrupsie, swak diens-lewering.	Te klein groepie leiers lei tot uitbranding. Dus word versorging van leiers belangrik. Rol van predikant verander, verant-woordelik vir ontwikkeling van hele gemeen-skap
3. Wat is die grootste *uitdagings* in u gemeente/ gemeenskap?	Vanuit boerdery-oogpunt is dit om finansieel te oorleef.	Om die ont-wikkeling wat "nuwe myn" gaan bring, in belang van gemeen-skap aan te wend.	Dat hele gemeenskap verantwoord elikheid vir eie ontwikkeling sal aanvaar.	Eko-nomiese mag aan een kant; politieke mag aan ander kant. Militante politiek. Geld is mag; raak dus ver-delende faktor.	Armoede, drank- en dwelm-misbruik; bedel-tradisie; gebrek aan volhoubare werkge-leenthede. Skole, strukture val plat. Mag lei tot intimidasie, en selfsug.	Armoede, Vigs, verhoudings. Pensioen-kultuur deurbreek. Jeug droom toekoms los van toelaes. Dorp bymekaar hou, saamwerk oor grense ter wille van dorp.

Uit die bostaande samevatting van predikante se reaksies op die vraelyste is dit duidelik dat daar vanuit hulle siening van sake oor die afgelope vyf jaar wesenlike veranderings in hul gemeente en die gemeenskap plaasgevind het. Hulpbronne in gemeentes en die gemeenskap is onder druk, landbouaktiwiteite is wisselvallig en dit plaas druk op die bestendigheid van die hele omgewing. Die tradisionele leierskaprolle van vyf tot tien jaar gelede is uitgedien; dit geld vir sowel gemeentes as die gemeenskap. Die predikant word al meer 'n mentor en begeleier wat ook aktief by die ontwikkeling van die gemeenskap betrokke raak. Gemeentes en die gemeenskap is op mekaar aangewese en die vroeëre skeiding tussen dié twee kan nie meer in stand gehou word nie; nuwe brûe moet gebou word. Die vraag is hoe daar binne hierdie nuwe omstandighede na die "ander" uitgereik moet word.

Die nuwe omstandighede en konteks soos hier bo verduidelik, stel nuwe eise aan gemeentes en die gemeenskap en daarom kom die vraag na vore: Is daar genoegsame geestelike kapitaal om die brug na mekaar toe oor te steek?

Baker en Miles-Watson (2010:33) wys op twee aspekte wat in hierdie verband kan help. Aan die een kant gebruik geloofsgemeenskappe woorde soos *liefde*, *vergifnis*, *aanvaarding* en *gasvryheid*. Dié taalgebruik skep ’n bepaalde geestelike kapitaal binne so ’n geloofsgemeenskap. Aan die ander kant is daar ook praktyke wat nuwe ruimtes oopmaak, soos betrokkenheid by die nood van mense, opregte deelname, aanvaarding van mislukkings, en samewerking. Die taal én praktyke van geloofsgemeenskappe is dus vorme van geestelike kapitaal wat aan spreekwoordelike brûe kan help bou.

Sou daar voorbeelde en verhale uit die Suid-Vrystaat wees om die verskuiwings wat binne ’n gemeenskap plaasgevind het, toe te lig? As antwoord hierop verskuif die fokus nou na ’n dorp binne die ring van Fauresmith wat moontlik as so ’n gevallestudie voorgehou kan word.

5. Gevallestudie – ’n geloofsgemeenskap se rol in Philippolis

Philippolis, wat in 1823 as ’n sendingstasie begin het, is die oudste dorp in die Vrystaat. Die dorp vorm saam met agt ander die Kopanong Munisipaliteit, wat gesamentlik 7 500 inwoners het. Die dorp is redelik ver van stedelike gebiede geleë, het ’n klein bevolking en is veral van grootskaalse veeteelt afhanklik (Van Niekerk en Marais 2008:371). Die dorp het nie ontsnap aan die “normale” krisisse wat in plattelandse se dorpe afspeel nie. Twee aspekte, te wete gesondheid en onderwys, kan as voorbeelde hiervan gebruik word (Van Niekerk en Marais 2008:374–5):

- Die gesondheidsdienste op die dorp is nie voldoende nie; daar is nie ’n hospitaal of ’n voltydse dokter nie. Die distrikshospitaal is op Jagersfontein en Philippolis het net ’n primêregesondheidsorgkliniek. Dié kliniek bedien 1 000 tot 1 400 pasiënte per maand en verwys ongeveer 120 pasiënte per maand na die distrikshospitaal. Die distrikshospitaal se dokter besoek die kliniek twee maal per week en daar is ook ’n mobiele kliniek wat die plaaswerkers op die ongeveer 32 plase gereeld besoek.

- Die aantal leerders wat by die drie skole op Philippolis onderwys ontvang, het van 1 100 in 2000 tot 800 in 2005 gedaal. Dié toedrag van sake het ’n uitkring-effek gehad deurdat gekwalifiseerde onderwysers die dorp verlaat het en dit daarna moeilik was om nuwe onderwysers daarheen te lok. Dit het ’n negatiewe uitwerking op die plaaslike ekonomie gehad.

Van Niekerk en Marais (2008:377) maak na aanleiding van hulle studie oor klein dorpe die volgende insiggewende opmerking: “What is urgently required is an appropriate reaction from small-town residents.” Lidmate van gemeentes is ook inwoners van klein dorpies. Hoe sou hulle reaksie kon lyk, veral as daar gekyk word na die rol wat klein gemeentes in die dorpe speel?

Vervolgens word gekyk na ’n kwalitatiewe ondersoek wat in die gemeenskap van Philippolis onderneem is. ’n Gevallestudie is deur middel van deelnemende-aksie-navorsing as metodologie onderneem.

Pembroke (2002:14) beskou dié soort navorsing as die ontdekking van diepte deur saamwees (“depth through togetherness”). Hy sê verder:

> What one brings to a genuine encounter is not first and foremost an ensemble of communication techniques but one’s self and, to be more precise, the depth one has to share. The depth in oneself develops through a whole-hearted engagement with others, with life, and with God. (Pembroke 2002:13)

Van Lingen (2005:74) maak die volgende opmerking oor die waarde van deelnemende-aksie-navorsing binne ’n konteks soos Philippolis waar hierdie gevallestudie afspeel:

> Deelnemende-aksie-navorsing het tot gevolg gehad dat die deelnemers nie net inligting verskaf het nie, maar aktief deel geraak het van ’n proses waartydens daar uitdrukking gegee kon word aan elkeen se werklikheidskepping, terwyl elkeen ook deelgeneem het om die hoop-aksie uit te leef en daarvan te vertel.

Du Plessis (2012) is van mening dat daar twee maniere is waarop ’n mens oor gemeenskapsontwikkeling kan dink. Die een is dat gemeenskapsontwikkeling van bo af deur ’n organisasie aan ’n gemeenskap uitgevoer moet word; die ander manier is dat dit vanuit die gemeenskap aangepak word. Die kerk en gemeentes is in die unieke posisie dat hulle die vermoë het om beide benaderings te volg.

Die kerk en gemeente kan die gemeenskap van “bo” bestuur en ontwikkel deur vir mense waardes en lewensvaardighede vanuit die Skrif te leer, óf die kerk kan op grondvlak betrokke wees deur na die gemeenskap se verhale te luister en saam te soek na die beste plek waar ontwikkeling behoort plaas te vind.

Philippolis is ’n goeie voorbeeld van hoe hierdie ontwikkeling op laasgenoemde manier plaasgevind het. As gevallestudie om dit aan te toon, word die verhaal van MIV/Vigs in hierdie dorp as gevallestudie gebruik om die hele proses te verduidelik. Dit is deur een van die navorsers van hierdie projek,[2] in die rol van deelnemende navorser, aangeteken.

Die eerste Vigsverwante sterfte het in 1998 in Philippolis plaasgevind. Aanvanklik wou geen kerk of gemeente persone begrawe wat aan Vigsverwante siektes gesterf het nie. Dit het meegebring dat daar ’n enorme stigma aan dié siekte begin kleef het, en mense het in stilte gely. Die plaaslike Verenigende Gereformeerde Kerk- (VGK-) gemeente[3] het egter die besluit geneem om wel almal wat weens Vigsverwante siektes gesterf het, te begrawe. As gevolg van hierdie besluit het al meer persone die vrymoedigheid gehad om met die gemeente kontak te maak wanneer daar sterfgevalle in die familie was. Dit het aan gemeentelede die geleentheid gegee om met die families oor die siekte te praat en sodoende die stigma daaraan verbonde af te breek.

Benewens die gesprekke met families het daar in die gemeente ook baie ander gesprekke plaasgevind en is lidmate meer omvattend oor die siekte ingelig en geskool. Sedertdien

word die siekte soos enige ander ongeneeslike siekte gehanteer, wat Vigs-stigma al hoe meer onbeduidend gemaak het. Lidmate het selfs in eredienste na vore gekom en openlik oor hulle MIV/Vigs-status gepraat.

Namate die epidemie toegeneem het en al meer mense in die laaste fase van die siekte inbeweeg het, is die gemeente en die gemeenskap gedwing om planne te maak om die vloedgolf te hanteer. Daar is onder meer besluit om kinders wie se ouers ongeneeslik siek is, by geskikte families uit te plaas voordat die ouer sterf om sodoende die moeilike oorgang vir die kinders makliker te maak en vir hulle vastigheid te bied. Philippolis is een van die min dorpe in die land wat as gevolg van hierdie werkswyse byna geen straatkinders het nie.

Een van die belangrikste sake waaraan aandag gegee is, is die emosionele en geestelike versorging van die Vigswesies. Tydens begrafnisdienste word daar gewoonlik nie veel aandag aan die kinders gegee nie, omdat die volwassenes self in rou gedompel is. Namate die sterftesyfer op Philippolis toegeneem en daar Saterdae al hoe meer begrafnisse plaasgevind het, het die gemeenskap in ’n toestand van depressie verval weens die verliese wat hulle aanhoudend beleef het. Die kinders se emosionele behoeftes is al meer op die agtergrond geskuif. Ten einde hierdie saak te probeer oplos, het lidmate van die NG gemeente op Philippolis ’n waardevolle rol gespeel deur teddiebere te begin brei. Wanneer ’n kind iemand aan die dood afstaan, het hy of sy ’n teddiebeer ontvang. Die rol van die teddiebeer was om vir die kind ’n gespreksgenoot te wees. Die kinders is geleer om hulle gevoelens met die teddiebeer te deel, om byvoorbeeld vir die beertjie te vertel wanneer hulle na die persoon wat dood is, verlang. Dit het daartoe bygedra dat baie kinders op ’n gesonde manier deur ’n rouproses kon beweeg.

Hierdie werkswyse sluit nou aan by die sogenaamde “narratiewe” terapie. Volgens White en Epston (1990:42) en Freedman en Combs (1996:66–7) ontstaan daar al meer unieke moontlikhede (“unique outcomes”) wat benut kan word om nuwe stories te ontwikkel. Dié vorm van terapie skep nuwe hoop en gevolglik lyk die situasie nie meer vir die slagoffers van rou so onoorkomelik nie. Die kinders bevind hulle ook nie meer in ’n magtelose posisie nie, want hulle kry toenemend beheer oor die probleem van verlies en die totale situasie wat daaromheen ontstaan het.

Die hele gemeenskap van Philippolis het saamgestaan, onder andere deur die organisasie Hospivisie se program te gebruik om persone van sowel die NG Kerk as die VGK as beraders op te lei om gesinne in krisis by te staan en pastoraal te begelei. Daar is ook baie moeite gedoen om al die onderwysers in die dorp op te lei, sodat hulle nie net ’n basiese kennis van MIV/Vigs sou hê nie, maar ook kinders wat deur die siekte besmet en beïnvloed is (“infected and affected”), sou kon bystaan.

Tydens die aanvanklike vloedgolf sterftes het die regering nie gedink dat MIV-infeksie tot dodelike siektes lei nie en die gemeenskappe is gevoer met allerlei rate, soos om beet te eet. Lidmate wat familielede aan die dood afgestaan het, maar toe deur die gemeente se begeleidingsproses ingelig is, het openlik by begrafnisse opgestaan en verklaar dat MIV wel dodelik is en dat mense moet weet wat hulle status is.

Die gemeente het ook ’n belangrike rol in die ontwikkeling van gesonde seksuele waardes gespeel. Vir die eerste keer is daar in die gemeentes en gemeenskap openlik oor seks en

seksualiteit gepraat. Ouers is opgelei om met hulle kinders hieroor te gesels. Toe die gemeenskap die saak onder mekaar begin bespreek het, het hierdie onderwerp, wat vroeër taboe was, openlik onder bespreking gekom. Die geestelike kapitaal wat die gemeente voorsien het, was dus nie net positiewe praktyke nie, maar ook die nodige taal om oor belangrike sake te kan praat.

Antiretrovirale medikasie was nie geredelik by die kliniek op Philippolis beskikbaar nie. Die Vrystaatse Departement van Gesondheid het die medikasie by die naaste staatshospitaal beskikbaar gestel, wat in Philippolis se geval Diamant-hospitaal in Jagersfontein was. Philippolis se mense het egter nie toegang tot die medikasie gehad nie, omdat MIV-positiewe mense die medikasie kon bekom slegs indien as hulle in Jagersfontein gewoon het. Die VGK het toe met Treatment Action Campaign (TAC) oor die probleem geskakel. Hulle het gehelp om 'n kliniek in die dorp te vestig waar pasiënte getoets kon word en dan die nodige medikasie kon bekom. Lidmate van die VGK is opgelei om MIV-positiewe mense te monitor en by te staan sodat hulle hul medikasie getrou gebruik.

Met die koms van antiretrovirale medikasie was daar weer lidmate wat gewillig was om openlik in die gemeente te verklaar dat hulle begin het om die medikasie te gebruik. Hulle het ander lidmate uitgedaag om hulle dop te hou en te kyk of dit met hulle beter gaan. Hierdie oop en eerlike manier het daartoe bygedra dat MIV-positiewe mense in die gemeente en gemeenskap vandag almal hulle medikasie ontvang en gebruik.

Die kerk en gemeente het dus op die volgende ontwikkelingsvlakke in die gemeenskap 'n sleutelrol gespeel wat MIV/Vigs betref:

- bewusmaking van die erns van die siekte
- die afbreek van stigmatisering rondom die siekte
- die plasing van kinders in pleegsorg
- die opleiding van tuisversorgers
- die opleiding van lekeberaders om MIV-positiewe mense te help om met hulle siekte saam te leef en om families tydens sterfgevalle by te staan
- bewusmaking van die waarde van antiretrovirale medikasie
- die hantering van rou en verlies by kinders en gesinne
- die daarstel van 'n nuwe waardesisteem in die stryd teen MIV.

6. Slot

Die opmerking dat politieke mag aan die een kant van die dorp gesetel is en die ekonomiese mag aan die ander kant, mag wel geldig wees. Die kerk en gemeentes is egter nooit aan nét die een óf die ander kant van die dorp nie. Die kerk is in elke gemeenskap, en waar

gemeentes kies om saam te werk, kan wonderwerke gebeur, al is die omstandighede hoe haglik. In Philippolis se geval, soos hier bo aangetoon, was daar nie sprake van ’n politieke wil of ekonomiese krag om die MIV/Vigs-epidemie te hanteer nie. Almal was lamgelê, maar die kerk en gemeente en gesonde leierskap het die draer van hoop geword. Die gevallestudie dui ’n weg aan om so ’n krisis te hanteer en ’n gemeenskap te help om nuwe waardes en praktyke te vorm. Die beskikbare geestelike kapitaal in die geloofsgemeenskappe het die praktyke en die taal help skep om nuwe moontlikhede oop te maak. Mense het oor die brug van geloof na die “ander” gestap; die gemeenskap het as eenheid begin ontwikkel en verhoudings is gebou.

Die een taak van praktiese teoloë is om priesterlik te luister. In die voorafgaande bespreking is, binne ’n gemengde-metodologiese raamwerk, geluister na wat in klein plattelandse gemeentes gebeur. Dié stem is nóg volledig nóg verteenwoordigend van alle plattelandse gemeentes. Tog is dit ’n stem wat met behulp van ’n prakties-teologiese benadering met integriteit en verantwoordelikheid gehoor kon word.

In terme van die praktiese teologie is daar ook die taak om met profetiese onderskeiding te werk. Daarom moet die stem van die “ander” gehoor en nie verontagsaam word nie. Geloofsgemeenskappe het die roeping en verantwoordelikheid om oor die brûe wat ons skei, na mekaar oor te stap. ’n Ekklesiologie wat op instandhouding fokus en ’n klem op eksklusiwiteit plaas, laat nie ruimte vir ’n proses van priesterlik luister en profetiese onderskeiding nie.

Die uitdagings vir alle gemeentes, maar – binne die konteks van die huidige ondersoek – veral klein plattelandse gemeentes, is om luisterend en met profetiese onderskeidingsvermoë brûe in gemeenskappe en gemeentes te bou. Die gevallestudie van Philippolis illustreer die punt dat daar wel sosiale en geestelike kapitaal beskikbaar is om dit te kan doen.

Bibliografie

Baker, C. en J. Miles-Watson. 2010. Faith and traditional capitals: Defining the public scope of spiritual and religious capital – a literature review. *Implicit Religion*, 13(1):17–69.

Brouwer, R. 2009. *Geloven in gemeenschap. Het verhaal van een protestantse geloofs-gemeenschap.* Kampen: Kok.

Burger, R. en C. van der Walt. 2010. Bridging South Africa’s deep divides: Religious networks as a resource to overcome social and economic exclusion. In Swart, Rocher, Green en Erasmus (reds.) 2010.

Delport, C.S.L. en C.B. Fouché. 2012. Mixed methods research. In De Vos (red.) 2012.

De Vos, A.S. (red.). 2012. *Research at grass roots: For the social and human service professions*. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Du Plessis, M.J.M. 2000. Die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel: 'n Maatskaplikewerkperspektief. Ongepubliseerde DPhil-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

—. 2012. Onderhoud gevoer met dr. M.J.M. du Plessis, afgetrede dosent in die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van die Vrystaat, 12 September 2012.

Freedman, J. en G. Combs. 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities*. New York: Norton.

Ivankova, N.V., J.W. Creswell en V.L.P. Clark. 2007. Foundations and approaches to mixed methods research. In Maree (red.) 2007.

Kerkspieël. 2010. Ongepubliseerde verslag aan die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Maree, K. (red.). 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Niemandt, C.J.P. 2012. Trends in missional ecclesiology. *HTS Theological Studies,* 68(1):1–9. http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/19745/Niemandt_Trends(2012).pdf?sequence=1 (9 Januarie 2013 geraadpleeg).

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: An introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

Pembroke, N. 2002. *The art of listening: Dialogue, shame and pastoral care.* Grand Rapids: Eerdmans.

Pew Research Centre. 2010. Tolerance and tension: Islam and Christianity in Sub-Saharan Africa. www.pewforum.org (9 Januarie 2013 geraadpleeg).

Schoeman, W.J. 2011. *Kerkspieël* – 'n kritiese bestekopname*. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(3–4):472–88.

Swart, I. 2010. Churches as a stock of social capital for promoting social development. In Swart, Rocher, Green en Erasmus (reds.) 2010.

Swart, I., H. Rocher, S. Green en J. Erasmus (reds.). 2010. *Religion and social development in post-apartheid South Africa. Perspectives for critical engagement*. Stellenbosch: Sun Press.

Van Niekerk, J. en L. Marais. 2008. Public policy and small towns in arid South Africa: The case of Philippolis. *Urban Forum,* 19:363–80.

Van Lingen, E. 2005. Die belewing van woede by antiretroviralemiddel-monitors in die MIV/Vigs-diskoers. 'n Pastoraal-narratiewe benadering. Ongepubliseerde MTh-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

White, M. en M. Epston. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

Eindnotas

[1] 'n Gedeelte van die artikel is deur die skrywers as 'n referaat getiteld "Small congregations: a place to build a bridge to the whole community" by die tweede Karoo-ontwikkelingskonferensie te Beaufort Wes van 14 tot 17 Oktober 2012 gelewer.

[2] Carin van Schalkwyk.

[3] Die plaaslike VGK-gemeente het 'n bedieningsooreenkoms met die NG Kerk. Die NG Kerk se leraar bedien ook die VGK-gemeente.